higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 3

16 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 A
1.3 B
1.4 D
1.5 B
1.6 D
1.7 D
1.8 B
1.9 A
1.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Onwaar
2.6 Waar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Onwaar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 C
3.2 I
3.3 B
3.4 K
3.5 D
3.6 A
3.7 H
3.8 F
3.9 G
3.10 E

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
4.2 veilige sone
4.3 sonder toesig
4.4 Klim
4.5 slagaar.
4.6 VKO-perseel
4.7 Insidentregister
4.8 moeder na kind
4.9 Enkelvoudige gesin
4.10 Bloeding

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1 a) Basiese voeding

- Vra ouers om vir kinders gesonde happies te stuur.
- Maak seker dat gesonde maaltye vir kinders voorsien word.
- Begin ’n groentetuin vir behoeftige ouers. (Enige 3 × 1) (3)

b) Opvoeding

- Bied ’n goed gebalanseerde dagprogram.
- Verskaf opvoedkundige speelgoed, soos boeke vir kinders.
- Neem gekwalifiseerde praktisyns in diens.
- Neem kinders op opvoedkundige uitstappies. (Enige 3 × 1) (3)

c) Beskerming

- Bied ’n veilige binnenshuise en buitenshuise omgewing.
- Moenie toelaat dat kinders die perseel saam met ’n ongemagtigde persoon verlaat nie.
- Maak seker alle toerusting is veilig en in stand gehou.
- Meld enige vermoedelike mishandeling by die owerhede aan.
- Maak seker die fasiliteite is ten volle omhein. (Enige 4 × 1) (4)

[10]

5.1.2

- Onveilige geboue of strukture
- Weiering om die vereistes soos deur die plaaslike owerhede uiteengesit is, na te kom
- Die ingevaarstelling van die kinders se gesondheid
- Fisiese mishandeling van kinders
- Onvoldoende personeel
- Onbevoegde personeel
- Chroniese tekort aan of onvanpaste stimulasieprogram
- Diskriminasie wat tot die skending van kinders se regte lei

(Enige 5 × 1) (5)

5.2
- Ras
- Etnisiteit
- Geslag
- Seksuele oriëntasie
- Sosioekonomiese status
- Vermoë
- Ouderdom
- Godsdienstige oortuiging (Enige 4 × 1) (4)

5.3
- Die kind ken die omgewing.
- ’n Huisroetine kan maklik gevestig word.
- Die kind kry individuele aandag.
- Die kind word nie aan kindersiektes blootgestel nie. (4)

5.4 Pediater (1)

5.5
- Fisiese verwaarlosing
- Mediese verwaarlosing
- Emosionele verwaarlosing
- Opvoedkundige verwaarlosing (4)

5.6
- ’n Badmatjie kan in die bad gesit word om te verhoed dat die kind gly.
- ’n Badhanddoek kan onder in die bad gesit word. (2)

[30]

VRAAG 6

6.1
6.1.1 Selfdegeslagouers
6.1.2 Enkelouer
6.1.3 Uitgebreide gesin
6.1.4 Stiefgesin
6.1.5 Pleeggesin

(5 × 1) (5)

6.2 6.2.1 Ja/Nee (1)

6.2.2
- Vir kinders wat nie manlike rolle in hul huise het nie, bied ’n manlike praktisyn dit.
- Mans is minder emosioneel as vrouens, wat ’n uitwerking op die kinders het, byvoorbeeld skree wanneer hulle ’n spinnekop sien.
- Mans is gewoonlik meer avontuurlustig as vrouens en dit moedig kinders aan om meer selfvertroue te hê.
- Mans leer ander vaardighede as vrouens. (Enige 2 × 1)

OF

NEE

- Dit raak moeilik wanneer 'n man 'n klein dogtertjie met haar toiletroetine moet help en help om aan te trek, veral as die ouers nie daarmee gemaklik is nie.
- Daar is ouers wat 'n probleem daarmee kan hê, veral as hulle klein dogtertjies by die sentrum het. (2)

6.3
- Verskillende kulture het verskillende idees van aanvaarbare/onaanvaarbare gedrag,✓ byvoorbeeld sommige kinders word by die huis geleer dat hulle 'n volwassene in die oë moet kyk wanneer hulle met hulle praat as 'n teken van respek, maar in 'n ander kultuur word dit as ongeskik beskou.✓
- Dit maak dit vir praktisyns moeilik om konsepte te verduidelik✓ wanneer nie alle kinders dieselfde taal praat nie.✓
- Kinders van verskillende kulture voel anders as ander✓ en voel dalk dat dit 'n tekort aan selfvertroue tot gevolg kan hê wanneer hulle interaksie met die kinders en volwassenes het.✓
- Ouers van verskillende taalgroepe✓ verstaan dalk nie heeltemal die boodskappe wat huis toe gestuur word of instruksies wat gegee word nie.✓
- Verskillende kulture eet dalk nie al die kos wat by die sentrum voorgesit word nie.
- Kinders van 'n minderheidsgroep voel dalk uitgesluit wanneer hulle nie die taal verstaan wat gepraat word nie. (4 × 2) (8)

6.4
- Daar is nie 'n manlike rolmodel vir haar jong kinders nie.✓ Dit kan kinders negatief beïnvloed, veral seuns.✓
- Met net een inkomste✓ kan die ma finansiële druk ervaar.✓
- Daar is niemand om die verantwoordelikhede te deel om na die kinders te kyk nie.✓ Die ma moet alles self doen en dit kan tot emosionele druk bydra.✓
- Daar is min alleentyd, wat baie stresvol kan wees. (Enige 3 × 2) (6)

6.5
- Sit plakkate in die klas op en praat met die kinders daaroor.
- Met verskillende godsdienstige tye, byvoorbeeld Diwali of Paasfees, kan die onderwyser die hele klas van hierdie belangrike dae leer en ook hoekom hulle so belangrik is.
- Hou opedae sodat die kinders verskillende kulture se klere kan aantrek.
- Laat 'n ouer met die kinders kom gesels oor hul kultuur.

(Enige relevante 4 × 1) (4)

6.6
- Maak seker dat daar aan kinders se voedingsbehoeftes✓ voldoen word deur gebalanseerde maaltye te verskaf.✓
- Kry mediese sorg vir kinders wanneer nodig,✓ byvoorbeeld as 'n kind sukkel om te sien, laat hul oë toets.✓
- Verseker 'n gesonde omgewing sonder ongediertes en siektes; geen poele met stilstaande water of hope gemors wat nie gehaal word nie.

(Enige relevante 2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 7

7.1 7.1.1
- Jeukerige kopvel
- Nete wat aan hare vassit
- Nete broei uit en grys goggas kom te voorskyn
- 'n Uitslag op die kopvel (Enige 1 × 1)

7.1.2 Behandel met ordentlike sjampoe wat die luise sal doodmaak. Dit moet ná 'n week herhaal word, om seker te maak al die nete wat oorgebly het, is dood.

7.1.3 Kam die kind se hare met 'n fyntandkam om die nete los te maak. 'n Mengsel van asyn en water in gelyke hoeveelhede kan gebruik word om die hare af te spoel. (Daar is ander metodes om luise te behandel; gebruik oordeel.)

7.1.4 Die sere lyk rooi en vogtig, maar ontwikkel dan in 'n dik kors.

7.1.5
- Behandel met topikale salf
- Ernstige gevalle sal antibiotika vereis (Enige 1 × 1)

7.1.6 Obstruksie in die derms wat pyn veroorsaak

7.1.7 Gewigsverlies en swak eetlus

7.1.8 Behandel met sekere medisyne om die parasiet af te dryf. Die genesing is nie voltooi tot die kop los is nie.

7.1.9 Klein, blaasagtige, jeukerige merkies

7.1.10
- Wend kalamynvloeiroom aan om die blasies uit te droog en die jeuk te stop.
- By babas, gebruik sagte handskoene om te verhoed dat jy die merkies krap. (Enige 1 × 1)

(10 × 1) (10)

7.2
- Oordrag deur lug
- Oordrag deur water
- Oordrag deur kos en drankies
- Oordrag deur direkte kontak
- Oordrag deur diere en insekte (5)

7.3 7.3.1 Die immuunstelsel beskerm✓ die liggaam teen indringers, soos bakterieë, virusse, swamme en gifstowwe.✓

7.3.2
- Die immuunstelsel val organismes en middels aan wat die liggaam se stelsels binnedring en siektes veroorsaak.
- Die immuunstelsel moet tussen goeie en slegte kieme kan onderskei. (2)

7.3.3
- Entstof is 'n eenvoudige, veilige, doeltreffende manier om jou teen skadelike siektes te beskerm voordat jy daarmee in aanraking kom.
- Dit gebruik jou liggaam se natuurlike beskerming om weerstand op te bou teen spesifieke infeksies en maak jou immuunstelsel sterker.

7.3.4
- Babas is meer vatbaar vir aansteeklike siektes in die eerste paar maande van hul lewens.
- Die inenting van babas help om vir hulle beskerming te bied wanneer hulle dit nodig het.

(4 × 2) (8)

7.4
- 'n Toestand waarin 'n mens nie hul ingewande kan gebruik nie, wat veroorsaak dat dit oorvol raak.
- Dit is wanneer stoelgange hard en soos klippies is en die kind sukkel om dit te passeer. (2)

7.5 Was die tiet binne en buite met warm seepwater (of soutwater)✓ deur 'n klein borseltjie te gebruik.✓ (2)

7.6
- Was hande nadat jy die toilet gebruik het.
- Spoel die toilet.
- Moenie met uitskeiding speel nie.
- Gebruik seep wanneer jy hande was.
- Moenie in die badkamer speel nie.
- Seuns moet geleer word om die toiletsitplek op te lig en na die tyd weer plat te sit.

(Enige relevante 3 × 1) (3)
[30]

VRAAG 8

8.1
8.1.1 Vette
8.1.2 Suiwel
8.1.3 Vrugte en groente
8.1.4 Koolhidrate

(4 × 1) (4)

8.2
- Voedselvesel is deel van die kos wat nie verteer word nie.
- Dit help om kos as afvalprodukte uit te skei deur die maag, dunderm en kolon. (2)

8.3
- Vrugte
- Groente
- Hawermout
- Bruinrys
- Volkoringbrood (Enige relevante 4 × 1) (4)

8.4
- Dit voorkom hardlywigheid.
- Dit beheer gewig deur die gevoel te skep dat ’n mens versadig is, sonder om kalorieë by te voeg.
- Dit verlaag cholesterol.
- Dit beheer bloedsuikervlakke.
- Dit handhaaf gesonde gewig.
- Dit verminder inflammasie. (Enige 5 × 1) (5)

8.5
- Visvingers met stukkies komkommer
- Eiertoebroodjies met stukkies kaas
- Minihamburgers en vars slaai
- Stukkies gesnyde roosterbrood met kaas
- Macaroni-en-kaas (Enige 4 × 1) (4)

8.6 Dit is ondervoeding✓ wat deur ’n ernstige tekort aan proteïene in die dieet veroorsaak word.✓ (2)

8.7
- Deur toereikende gesondheidsdienste,✓ soos klinieke en hospitale, te verskaf✓
- Deur immuniseringsprogramme✓ in vroeë kinderjare te verskaf✓
- Deur sielkundige✓ hulp vir vatbare kinders te bied✓
- Deur koskombuise vir behoeftiges te bevorder om toereikende voeding te verseker
- Deur skoolmaaltydprogramme vir behoeftige kinders te verskaf (3 × 2) (6)

8.8
- Geen varkvleis
- Slegs vleis van grasetende diere
- Slegs vleis van diere met gesplete hoewe
- Geen roofvoëls nie
- Vleis en suiwel kan nie saam geneem word nie
- Slegs seekos met vinne en skubbe (Enige 3 × 1) (3)

[30]

VRAAG 9

9.1 9.1.1 Padverkeer (1)

9.1.2
- Kinders wat in die pad speel
- Kinders in motors wat nie veiligheidsgordels dra nie
- Kinders wat in die pad hardloop agter ’n bal/dier aan
- Dronkbestuur (Enige 3 × 1) (3)

9.1.3 Brandwonde en verdrinking (1)

9.1.4
- Kinders brand hulself op warm stoofplate.
- Hulle brand hulself met chemikalieë wat rondlê.
- Kinders verstaan nie die gevare van water nie en verdrink in swembaddens wanneer hulle nie onder toesig is nie.
- Klein babas verdrink in emmers vol water.
- Baie kinders word sonder toesig in hutte gelos waar kerse vir lig gebruik word. (Enige 3 × 1) (3)

9.2
- Kinders verstaan nie gevaar en die gevolge daarvan nie.
- Kinders tree impulsief op en besef nie hoe gevaarlik hul optrede is nie.
- Kinders verstaan nie die konsep van sterfte en die finaliteit daarvan nie.
- Daar is baie gevare by die huis en dagsorgsentrum waarvan kinders nie bewus is nie. (Enige 2 × 1) (2)

9.3
- Sandputte moet met growwe sout gesteriliseer word✓ om besmetting deur insekte te verhoed.✓
- Sandputte moet snags toegemaak word,✓ om te verhoed dat diere dit nie bemors nie.✓
- Klimrame, swaaie, glyplanke en wipplanke moet met niegiftige verf geverf word✓ om vergiftiging te verhoed ingeval dit ingeneem word.✓
- Dit is beter om houtswaaie met rubberbande te vervang✓ om splinters te verhoed.✓
- Sit ’n band aan die einde van die glyplank,✓ sodat kinders ’n sagte landing het.✓
- Maak seker dat daar nie splinters of roes op toerusing is nie, sodat dit nie die kinders seermaak nie.

(Antwoorde moet by die scenario pas)
(Enige 5 × 2) (10)

9.4
- Die kind se vel sal baie bleek✓ en klam wees.✓
- Die kind sal sweet✓ en kan duiselig voel✓ en nie reageer nie.✓
- Die kind sal vinnig asem haal en ’n ongereelde pols hê.✓
- Die kind kan naar voel en braak.✓
- Die kind kan verskriklik dors wees.
- Die kind kan angstig wees.
- Die kind kan ’n vinnige hartklop hê.
- Die kind kan deurmekaar en verward wees. (Enige relevante 7 × 1) (7)

9.5
- Die aantal kinders wat betrokke is
- Die name en adresse van ouers of voogde
- Die kinders se ouderdomme
- ’n Beskrywing van die mishandeling of verwaarlosing wat vermoed word

(Enige 3 × 1) (3)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200